



GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR

TUINEDAL
huisgesin van God



Welkom by vandag se erediens

17 Junie 2018
09:00

HOE KYK GOD NA ONS?
1 SAM 16:1-13

Ds Cor Swart

Biddag vir blindes, Nagmaal & Vadersdag

Kategese bly vandag in die diens.

Hierdie is die laaste bulletin voor die vakansie, die volgende een sal weer die 22ste Julie verskyn. Rus lekker en geniet die gesinstyd!

AS HUISGESIN VAN GOD...

... WIL TUINEDAL 'N VEILIGE RUIMTE WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT EER VAN GOD.

**'N PAPPA IS
IEMAND WAT JOU
VANG VOOR JY VAL,
HY STOF JOU AF AS
JY VAL EN LAAT JOU
WEER PROBEER.....**

NATASHA ANGOLIQUE SIEBERT

“Maar Hy sê vir Samuel: “Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.”

1 Sam 16:7



KONTAK MY ASB

VUL IN, SKEUR AF EN PLAAS IN KOLLEKTEBORDJIE

NAAM EN VAN _____

TEL _____ E-POS _____

NUWE INTREKKER

BESTAANDE LIDMAAT

DAGBOEK DIE DATUM

SA 2 NOV

Konserttyd!

Oefen asseblief solank die vakansie jou item en laat weet vir Dolores of jy voor of na Pouse wil optree!

KANTOOR VERLOF

Ds Pieter: vakansieverlof: 1 – 16 Julie.

Betsie: vakansieverlof: 23 Junie tot 8 Julie.

TUINEDAL
"WINTER-PROJEK"



Volgens alle aanduidinge gaan dit 'n baie koue winter wees en vir die armste van die armstes, 'n besondere uitdaging om net warm te bly. Ons moedig lidmate dus aan om 'n lekker warm "fleecy"-kometers en 'n sak lemoene na die erediens te bring. Die kerkkantoor sal dit dan versprei na waar die nood die grootste is. (Een "fleecy" en 'n sak lemoene kos so R180)

VERVOER



Daar is 'n geleentheid vir iemand wat dalk Maandag Kaap/Somerset-Wes toe wil ry en Dinsdag teen 12uur die middag weer terug of selfs net in een rigting.

Indien jy sou belangstel, kontak asseblief vir Louis Taljaard by 0829007645

KERKKANTOOR-
URE



Van 25 Junie tot 6 Julie sal die kerkkantoor slegs in die oggende van 8 tot 9 oop wees. Enige administrasie wat nie tydens daardie ure kan geskied nie, kan na die erediens op Sondag hanteer word.

Ons kort nog 3 wykswerkers binne die kerk se grense, indien jy geroepe voel, kontak asseblief die kerkkantoor.

KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyl fokus op die werk van die kerk in die wêreld, in die kragveld van die Heilige Gees. Ons het mos nou krag ontvang, nou kan ons gaan

Leef en Doen!



Gen 28:15

"Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie."

MELK-VREUGDE

Baie dankie aan die getroue persone wat elke week plaas toe ry om te gaan melk haal. Ons kort DRINGEND nog mense. Kontak asseblief die kerkkantoor.



WHATSAPP EN WEBTUISTE

Ons gemeente is in die proses om ons kommunikasie te verbeter en jy kan nou ook vir ons 'n Whatsapp stuur. Ons nommer is steeds dieselfde, 061 470 3262, dit is nou net makliker om met ons kontak te maak.



Die bulletin gaan vorentoe ook op die webtuiste opgelaaai word elke week, soos op Facebook. Gaan loer gerus by www.tuinedal.co.za



WILDSWORS EN SKAAPVLEIS

Attie se legendariese wildswors en ook skaapvleis is beskikbaar in die saal na die diens of deur die week by die kerkkantoor. Die eerste 150 is al verkoop en daar is net nog 70 pakkies beskikbaar.

BAIE DANKIE!

Vir elkeen wat sy of haar bydra kerk toe bring, hetsy dit lemoene en komberse vir die winterprojek is; (blikkies)kos vir Noodvoeding; speelgoed vir die kleuters; skryfbehoeftes vir die kleuterskool of net getrou jou maandelikse bydra. Dit maak 'n groot verskil in die manier hoe Tuinedal ons visie uitleef! Hier *leef* en *doen* ons!

Deuroffer

Die deuroffer op 10/6 was R962 vir Tuinedal Noodvoeding, **baie dankie!** Vandag se deuroffer gaan vir **Tuinedal Jeug.**

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Môre

Lydia Lamprecht

082 329 2825 Dor6

Leatitia Nicholson

082 054 3901 Dor5

Wian van Wyk (8) K1

Dinsdag 19 Junie

Ashwill Crowley (7) PA4

Liam Esterhuizen (16)

072 613 6196 BW4

Danelle Jonker (6)

044 874 3909 BW4

Heinrich Kotze (12)

044 873 4239 BW3

Woensdag 20 Junie

Jaelin Potts (11)

044 878 2946 PA2

Heidi Smith

084 532 5219 Bos3

Harry Williams

072 237 7272 PA1

Saterdag 23 Junie

Paul de Vries

082 547 5235 Dor5

Lynette van Wyk

064 903 1442 K1

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no. 114 289 5416, Takkode: 198-765



VOORBIDDING

"Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." – Jak 5:16b

HIERDIE WEEK DOEN ONS VOORBIDDING VIR...

- **Veilige reise vir die vakansie-seisoen. Mag almal rus en vol energie terugkom vir die volgende kwartaal.**
- Dank die Here vir die klein wonderwerke wat jy elke dag beleef en vra dat Hy jou sal help om dit beter en meer gereeld raak te sien. Vertel dan ook vir ander hoe jy God se goedheid beleef.
- Ons dank die Here vir 'n werk, waarmee ons 'n inkomste kan ontvang. Ons dank Hom dat Hy ons wysheid gee om dit reg te kan bespaar, bestee en vir Sy werk te gebruik.
- Bid dat die Here die leë sitplek langs of voor jou sal vul met iemand wat smag na 'n ontmoeting met die lewende God.
- Ons dank die Here vir godsdiensvryheid. Dankie dat ons op Sondag Skrifgetroue, relevante en eietydse boodskappe vrylik kan kom ontvang.
- Ons internasionale sendelinge: Grant en Loki Swanepoel in Kenia; Gerhard en Nadine Agenbag van China; Hans en Patricia Combrink in Maleisië; EJ en Koekoes van As in Botswana en Stefan en Carina van der Watt in Japan. Elmar en Nadine du Rand wat oppad Japan toe is.
- Bid vir soveel huise waar daar geestelike, maar spesifiek ook finansiële nood is. Bid dat hulle nie hoop sal verloor of Jesus se hand mis sal kyk in die alledaagse nie. Help waar jy kan en laat weet die kerkkantoor indien jy van enige werksgeleentheid of goedkoop verblyf weet.

AS ONS VIR JOU OF IEMAND KAN BID, STEL ASB DIE KANTOOR IN KENNIS...
ONS DOEN DIT GRAAG.

Ons gemeentelede wat onlangs iemand aan die dood afgestaan het.

Siekes in ons gemeente: **Thys de Beer** (prostaatkanker), **Anja van Niekerk** (kanker), **Carol Gelderbloem** (been), **Ronette de Beer** (gewrig), **Christo** (prostaatkanker), **Regina Fry** (hart), **Cathy Groenewald** (bloeddruk), **Kayla Barnard** (nierprobleme), tannie **Greta** (rug, ouderdom), **Anelda Jacobs** (11, Ewing Sarcoma beenkanker), **Charlotte Minnie** (erge rugpyn), **Zeake Swart** (13, bloedkanker), **Maria Kok** (hart), **Graham Kirchner** (maagkanker, val), almal met griep en almal wat herstel na kankerbehandeling.

Tydens die Lof- en Aanbiddingsaande word spesiaal aandag gegee aan hierdie versoeke. Stuur 'n SMS of Whatsapp aan die Kerkkantoor by 0614703626 en raak deel van hierdie kosbare bediening.